# DIE VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT BY CALVYN IN KERKHISTORIESE PERSPEKTIEF *

*Ds. Flip Buys*

Calvyn se standpunte oor die verhouding tussen kerk en staat kom na vore, nie net uit die laaste hoofstuk van die vierde boek van sy Institusie nie, maar lê verspreid oor al sy vele publikasies. In verskeie van sy kommentare, traktate en briewe is die saak aan die orde. Om al die relevante bronne binne die bestek van hierdie enkele artikel te reflekteer, sou 'n onbegonne taak wees.

Nie alleen is die onderwerp geweldig omvangryk nie, maar strome literatuur wat reeds daaroor gepubliseer is en navorsing wat gedoen is en nog steeds gedoen word, sou dit enigsins makliker maak om 'n proefskrif oor die onderwerp te skryf as om 'n oorsigtelike artikel te skryf! [1]

Ons wil daarom die onderwerp in *kerkhistoriese perspektief* behandel. Dit hou in dat nie net Calvyn se standpunte oor die onderhawige onderwerp uit sy werke weergegee word en dogmaties krities ondersoek en bespreek word nie, maar dat die fokus meer sal val op kerkhistoriese gebeurtenisse wat enersyds Calvyn se standpunte beïnvloed het en andersyds juis sy dogmatiese insigte in die praktyk laat blyk het.

## 1. ALGEMENE HISTORIESE AGTERGROND

Die standpunte van verskeie Reformatore, veral ook dié van Calvyn oor kerk en staat kan alleen goed begryp word teen die agtergrond van die algemene politieke en kerklike toestande van destyds.

Die Middeleeuse erfenis van 'n Corpus Christianum idee [2] waarvolgens dit as ideaal gesien is dat al die burgers van die staat aan een groot staatswerk moes behoort het, het nog baie sterk gefunksioneer. Enersyds wou die staatsowerhede ter wille van politieke eenheid en mag graag kerklike eenheid hê. Baie bemoeienisse van staatsowerhede in kerklike sake het duidelik die blote eiebelang van die vorste weerspieël [3]. Aan die ander kant het kerklike leiers heel dikwels die bemoeienis van die staat verlang omdat dit 'n gevoel van sekuriteit en veiligheid gebied het [4].

Calvyn se standpunte oor die onderhawige sake is aanvanklik gevorm teen die agtergrond van die regering van Frans I van Frankryk. Ter wille van nasionale vryheid het Frankryk aanvanklik die Reformasie gesteun [5]. Heel gou sou die bloedigste vervolging teen die „anabaptistiese rebelle" egter begin, soos wat Frans I die protestante genoem het in sy verdediging aan die Protestantse vorste van Duitsland op hulle vrae of hy nie te wreed optree teen sy onderdane nie.

In Julie/Augustus 1536 te Basel hoor Calvyn van die gruwelike geloofsvervolging van sy broeders in Frankryk. Dit word volgens Calvyn self een van die belangrikste oorsake vir die skrywe van sy Institusie soos wat hy later in sy Psalmkommentaar [6] getuig en

dit blyk ook uit die magtige apologie van die Evangeliese leer, „.... aan die aller christelikste koning van Frankryk", wat die voorwoord van die Institusie vorm.

Dit is van kardinale belang om op te merk dat Calvyn reeds hier verplig was om sy standpunt oor kerk en staat teenoor die gangbare interpretasie [7] van die wederdopers se standpunte oor die saak te stel. Daarom het Calvyn hier baie sterk benadruk dat hy en dié wat soos hy dink hoegenaamd geen begeerte het om revolusionêr die owerheid se gesag te ondermyn of omver te probeer gooi nie. Sprekend is die woorde: „Sou ons die omverwerping van koninkryke beraam, ons van wie nooit enige oproerige woord gehoor is nie en wie se lewe steeds bekend was as rustig en eenvoudig, toe ons onder u geleef het, en ook nou nog, hoewel ons uit ons huise verdryf is tog nie ophou om vir u en u ryk om alle voorspoed te bid nie" [8].

2. GENÈVE VOOR CALVYN

Die stryd om selfstandigheid en die politieke vryheid van Genève het die kerklike stryd ten nouste beïnvloed. Die baie intieme verbondenheid en selfs terreinoorskreiding van kerk en staat in Calvyn se tyd was beslis ook 'n historiese produk uit die verlede.

Aanvanklik was volgens die Middeleeuse praktyk ook in die stad die biskop die regeerder [9]. Hy was egter in 'n groot mate 'n pion in die hande van die ryksowerhede. Toe die Hertog van Savoye — binne wie se gebied Genève geleë was en wat die steun van Bern gehad het in sy stryd teen Frankryk — die amp van Vidomne op homself geneem het en die biskopstoel met gunstelinge beset het, het Genève se vryheid in gedrang gekom. In 1519 loop dit uit op die bloedige stryd tussen die vryheidsparty, die „eiguenots" en die „Mamelukken" die party van die hertog wat beëindig is met die onthoofding van Philibert Berthelier, die leier van die vryheidsparty. In 1525 moes die hertog egter sy troepe onttrek vir die slag van Pavia teen die Franse, waarop die Genèvers 'n verbond met Bern gesluit het.

Die regering in Genève word dan volgens die patroon van Bern ingerig met die vier burgemeesters (syndici) wat deur die burgers van die stad verkies is en beskik het oor die biskop en die vidomne.

In 1530 het Bern Genève met wapengeweld gesteun om die aanval van die hertog wat deur die biskop gereël is, af te weer. In 1532 word die Reformatoriese prediker, Farel van Bern af na Genève gestuur. Ondanks bittere teenstand het Farel, Viret en Froment se prediking daartoe gelei dat ongeveer 'n derde van die stad in 1534 vir die leer van die Reformasie gewen is. Na die openbare dispuut in 1535, die beeldestorm in die St. Pieterskerk, die besluit van die raad op 29 November 1535 om die mis op te hef en die finale verdrywing van die troepe van die hertog van Savoye met die hulp van Bern, vlug die biskop en die monnike uit die stad en op 21 Mei 1536 word op 'n algemene volksvergadering in die St. Pieterskerk duidelik vir die Reformasie gekies.

Tereg sê Locher: „Die leidenschaftliche Bürgerschaft erlebte die Reformation als Sieg über Bischof und Herzog; würde sie sich

auch der innern Erneuerung unterziehen? Das war Farels Problem" [10].

Calvyn kon dus in Julie 1536 in 'n Genève waar die owerheid reeds 'n verwerking van die Zwingliaanse kerkorde deur Farel aanvaar het en waar die staat, verteenwoordig deur die raad, die maksimum seggenskap oor kerklike aangeleenthede gehad het.

So bv. is reeds op 16 Julie 1536 besluit dat burgers van Genève beboet sou word as hulle versuim om eredienste by te woon [11].

## 3. GEBEURTENISSE IN GENÈVE WAT LIG WERP OP CALVYN SE STANDPUNTE OOR DIE VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT

### 3.1. *Calvyn se stryd om die kerk se soewereiniteit by die bediening van die kerklike tug.*

Die beginsel van die suiwerheid en die vryheid van die kerk spreek baie duidelik uit Calvyn se eerste „kerkorde" wat by die Raad van Genève ingedien is op 16 Januarie 1537 [12].

Daarin is in duidelike taal beklemtoon dat die tug in die kerk gehandhaaf moet word deur die ouderlinge wat deur die Raad aangewys moes word, op so 'n wyse dat hardnekkige sondaars geëkskommunikeer moet word. Die tug mog nie verder gaan as die uitsluiting van die nagmaalsviering en die vriendskaplike verkeer met ander gelowiges nie, tensy die geëkskommunikeerdes met die tug die spot dryf, in welke geval die Raad sou moes optree.

Om die tug suiwer te kon toepas, was dit nodig om in die stad te kon onderskei tussen gelowiges en ongelowiges. Vir die doel moes alle bewoners van die stad opgeroep word om belydenis van hulle geloof af te lê en die belydenisskrifte te onderteken.

Uit hierdie eerste „kerkorde" wat met enkele wysigings deur die Raad aanvaar en toegepas is, word enkele aspekte van Calvyn se standpunte oor die verhouding tussen kerk en staat reeds duidelik:

1. Prinsipieel het uit Calvyn se standpunt die skeiding van kerk en staat voortgevloei waarvolgens elk sy eie bevoegdheid op eie terrein moes uitoefen.

2. Andersyds het Calvyn nie geheel en al losgekom van die heersende gedagte dat die staat ook met sy eie vleeslike swaardmag aan die kerk se tugmaatreëls krag moes verleen, en die kerk in die wêreld moes bevorder nie.

Laasgenoemde word ook duidelik in die praktyk as die Raad daarvoor sorg dat die belydenisskrif van huis tot huis versprei word, dat die hoofde van verskillende stadskwartiere dit onderteken en opdrag kry om kontrole uit te oefen op die verskillende bewoners van hulle wyk en die onwilliges aan die owerhede bekend te maak, wat in uiterste gevalle tot verbanning kon oorgaan.

Hierby moet egter begryp word dat die bevryding van Savoye maar onlangs plaasgevind het en die stad tussen die Roomse Frankryk en Italië geleë was. Die nood van die tyd wat 'n sterk eenheid onder die burgery vereis het, het hierdie maatreëls nodig gemaak.

Calvyn se stryd vir die vryheid van die kerk blyk veral uit sy stryd om die suiwere toepassing van die tug. Omdat die besluit dat elke burger die belydenisskrif moes onderteken ongewild was,

is by die verkiesing van 15 Februarie 1538 'n Raad verkies wat vir die meerderheid uit Calvyn se teenstanders bestaan het. Hulle het aan Calvyn veel moeite besorg met die handhawing van die kerklike tug. Calvyn betreur die feit in 'n brief aan Bullinger op 21 Februarie 1538[13].

Die krisis in Genève wat aanleiding gegee het tot die verbanning van Calvyn uit Genève, was 'n krisis oor die gesag van die staat in kerklike sake, en die handhawing van die tug by die viering van die nagmaal. In sy en Farel se brief aan die Raad, enkele dae later, verklaar Calvyn dat hy en Farel geweier het om die nagmaal op Paassondag te bedien op grond van die wanorde en sonde wat in die stad geheers het[14].

Enkele gebeurtenisse wat in Genève plaasgevind het nadat Calvyn in 1541 teruggekeer het, werp ook heelwat lig op Calvyn se standpunte oor die verhouding tussen kerk en staat.

Oor die vryheid van die kerk in die toepassing van die tug was reeds meningsverskil in die bespreking van die Ordonnances Ecclésiastiques de l'Eglise de Genève en ten laaste word op 20 November 1541 'n standpunt aanvaar wat die saak ietwat in die midde gelaat het. Daar is beklemtoon dat die predikante geen enkele burgerlike regspleging mog uitvoer nie en slegs die geestelike swaard van die Woord moes gebruik sodat die gesag van die owerheid nie deur die kerkraad verkort is nie en die burgerlike mag in sy geheel kon bly staan. Die kerkraad moes by tuguitoefening die saak goed ondersoek en dan die geheel aan die Raad rapporteer wat 'n oordeel sou uitspreek soos wat elke geval vereis.

In die praktyk het die bevoegdhede van kerk en staat mekaar nog baie oorvleuel. Enkele voorvalle illustreer dit pragtig:

'n Sekere Jacques Pichard het gedurende die eerste deel van die preek geslaap en voor die einde wakker geword. Hy het 'n buurman uitgeskel vir 'n baba en lawaai met sy voete gemaak. Sy verskoning dat hy 'n pyn in sy been gekry het, word nie deur die kerkraad aanvaar nie en hy moes voor die Raad verskyn.

Ettien Buffet is voor die Raad gebring omdat hy gesê het dat nóg God, nóg die duiwel, nóg die owerheid, nóg die predikante hom sou belet om sy vrou te slaan. Sy vonnis was wel omskrywe: Gevangenisstraf[15].

In 1545 benoem die Raad Jean Trolliet tot predikant, buite die kerklike instansies om. Calvyn het hierteen geprotesteer, omdat die Raad buite sy bevoegdheid opgetree het en die benoeming gaan nie deur nie.

In Februarie 1546 het 'n sekere Pierre Ameaux, 'n gesiene fabrikant van speelkaarte, lid van die Raad en artilleriekaptein, uit verset teen al die streng maatreëls Calvyn in die openbaar beledig[16]. Hy word gearresteer en in die gevangenis aangehou. Die Klein Raad wou 'n streng straf toepas. Die skuldenaar moes openlik skuld bely en 'n boete betaal.

Die Raad Tweehonderd beslis egter dat Ameaux slegs in hulle teenwoordigheid aan Calvyn sy verskonings moes aanbied. Calvyn wou Ameaux in die gevangenis besoek en dit was nie vir hom aangenaam dat die Raad in hierdie geval streng optree nie[17], maar

tog dring hy, in die lig van die algemene gespanne toestand en sluimerende opstandigheid onder 'n groot aantal burgers in Genève, daarop aan dat Ameaux veroordeel word om openlik boete te doen deur kaalvoet en in boetegewaad met 'n kers in die hand deur die stad te stap en op drie van die pleine voor alle aanwesiges 'n voorgeskrewe herroeping van sy woorde uit te spreek.

Op 29 Maart 1546 preek Calvyn in die wyk St. Gervais waar Ameaux gewoon het. In sy preek roep hy uit dat meer as honderd mense van die stadsdeel wat hy tydens sy aankoms na die erediens in die strate sien ronddwaal het, erger was as diere (beesten) omdat hulle hulle nie bekommer het daaroor om na God se Woord te kom luister nie [18].

In sy toorn het 'n banketbakker Aliod opgespring en woedend uitgeroep: „Dit is nie waar nie, ons is nie wilde diere (beesten) nie!" Met moeite is hy die swye opgelê maar na die preek het Aliod deur die strate geloop en die mense opgestook met allerlei opruiende krete [19].

Die Raad kon eers die rus laat terugkeer deur op 30 Maart in 'n optog na die deel van die stad te gaan en 'n galg op die hoofplein op te rig.

Op 27 Junie word 'n anonieme papier gevind wat aan die kansel van die St. Pieterskerk vasgeheg was met die volgende woorde daarop: ,,Grote dikbuik, u en u metgeselle beter voortaan u monde hou. As u voortgaan daarmee om ons tot die uiterste te dryf, sal niemand u daarvoor kan bewaar dat u êrens gebring word waar u die dag sal vervloek dat u begin het om u met u monnikery op te hou nie. Een of ander tyd moet die heerskappy van die pouse ophou, wat die duiwel hierheen gebring het om alles te ruïneer. Nadat 'n mens genoeg uitgestaan het moet jy jou wreek. Wees versigtig dat u nie in dieselfde lot sal deel as Werly van Freiburg nie. Ons wil nie so baie meesters hê nie. Let goed op wat ek sê!" [20]

Omdat die suspisie wat teen 'n vrygesel, Gruer, gekoester is as die skrywer van die dreigement, toeneem, nadat sy huis ondersoek is, word hy gearresteer. Aanvanklik weier hy om skuld te erken maar nadat hy op weersinwekkende manier op die pynbank gefolter is, gee hy toe dat hy die plakkaat geskryf het.

Tydens die marteling het Favre, 'n senior raadslid uitgeroep: „Indien die biskoppe uit vroeër dae sou opgetree het soos die huidige predikante, sou ons dit nooit verdra het nie. Ek sal weggaan en nie weer terugkeer solank Genève onder die predikante bly nie!"

Nadat Gruet nog 'n keer gemartel is, word hy op 26 Julie 1547 onthoof. Hieroor skryf Calvyn aan Viret: „Wonderlik was die bekering van hierdie man, wonderlik die vastheid waarmee hy sy dood ingegaan het" [21].

Al die gegewens bring egter aan die lig dat Gruet die Christendom bespot het: Hy het beweer dat Maria 'n vrou van slegte reputasie was en die apostels 'n klomp skelms. Daarby het Gruet se sameswering en dreigemente ook die orde van die staat bedreig [22].

Die stryd om die vryheid van die kerk kom nog duidelik na vore in die saak van Bolsec en Jean Trolliet oor die leer van die uitverkiesing. Bolsec het by die weeklikse samekoms op Vrydag-

aand 16 Oktober 1551 ds. St. Andrè se verklaring van die uitverkiesing openlik aangeval. Calvyn verdedig die standpunt van ds. St. Andrè en Bolsec word gearresteer. Aanvanklik behandel die raad Bolsec baie simpatiek en roep selfs die advies van die buurkerke Basel, Zürich en Bern in. Nadat Calvyn en al die Geneefse predikante 'n duidelike uiteensetting gee van die punte in die geding [23] word Bolsec deur die Raad veroordeel en lewenslank uit Genève verban.

In die loop van die volgende jaar val Jean Trolliet Calvyn egter opnuut aan oor dieselfde standpunte en maak aanbevelings by die Raad oor die boek Consensus Genevensis wat Calvyn geskryf het na die gebeure met Bolsec. Eers stel die Raad die saak uit en op 1 September 1552 moet Calvyn die vernedering verdra dat die Raad hom verbied om oor die punte in die geding te preek.

Tereg sê Praamsma: „Dit is staatskerk in optima forma. Overheidscensuur op de prediking van Calvijn, terwijl de kerkraad geen leertucht mag oefenen ten aanzien van een fundamentele zaak" [24].

Hierdie flagrante ingryping van staat op die terrein van die kerk word ook baie duidelik in die tugsaak van Philibert Berthelier wat op sy versoek op 2 September 1553 deur die Raad weer die toegang tot die nagmaalstafel verkry alhoewel Calvyn en die kerkraad daarteen heftig gekant was.

Uit hierdie voorvalle kan baie goed begryp word waarom Calvyn so sterk die owerheid se inmenging in die sake van die kerk verwerp het. In die Institusie maak hy 'n duidelike onderskeid tussen die geestelike en die politieke regering oor elke mens. Hierdie twee aspekte noem hy die „Regnum Spiritualis" en „regnum temporalis" [25].

In sy verklaring van Mt. 22 : 15 (die vraag van die betaling van belasting aan die keiser) lê Calvyn sterk nadruk op die onderskeiding tussen die „potestas magistratus" en die „potestas spiritualis" [26].

Waarskynlik is sy worsteling en stryd om die vryheid van die kerk in Genève juis die oorsaak dat hy, waar hy anders in so 'n groot mate met Bucer ooreenstem ten opsigte van die taak van die owerheid, by die verklaring van hierdie Skrifgedeelte die onderskeid tussen kerk en staat baie sterk en herhaaldelik beklemtoon terwyl Bucer by die verklaring van dieselfde teks nadruk lê op die plig van elke Christen om die wettige owerheid te gehoorsaam [27].

In die lig wat in Genève gebeur het, kan ook begryp word dat Calvyn benadruk dat dit in die Ou Testament onwettig was vir die konings om die priesterlike ampswerk te doen en koning Ussia gestraf is toe hy probeer het om die ark van God te vervoer. Calvyn benadruk dat geen koning of priester oor beide terreine mag regeer tot met die wederkoms van Christus nie [28].

3.2. *Calvyn se beklemtoning van die owerheid se taak om met die mag van die swaard die suiwerheid van die leer en lewe van die kerk te bevestig*

In sy Institusie [29], kommentare [30], briewe [31] en traktate [32] word Calvyn nooit moeg om die taak van die owerheid om met die mag

van die swaard die suiwerheid van die leer en lewe van die kerk te handhaaf, te beklemtoon nie.

Soos wat die kerk die geestelike gawes ontvang het om die woord en sakramente te bedien, het die owerheid van God die outoriteit ontvang om te waak oor die geestelike welsyn van die volk.

As die owerheid nie hierdie taak om die ware kerk te bewaar van ketters sou uitvoer, en die herders daarin getrou bystaan nie, is die owerheid as vyand van Christus beskou [33].

Tereg is deur verskeie skrywers daarop gewys dat hierdie standpunt van die owerheid as beskermer van die ware kerk desnoods met die swaard baie diep wortels in die Middeleeue gehad het en ook in die tyd van die Reformasie algemeen deur Protestant en Rooms-Katoliek aanvaar is. Slegs die anabaptiste het hulle hierteen sterk versit.

Benewens die voorvalle met Bolsec en Gruer waarna reeds verwys is, word ook lig gewerp op Calvyn se eie standpunte en die probleme wat hy ervaar het deur die geskiedenis van die hekseproses by Peney en die verbranding van Servet.

Op 22 Julie 1545 het die Raad opdrag gegee aan die burgheer van Peney, 'n klein dorpie twee uur buite Genève om ondersoek in te stel na die aktiwiteit van sekere towenaars.

Op 9 Oktober word berig dat ses verdagtes gearresteer is en in verband daarmee om 'n sipier en 'n wag en nadere prosesstukke gevra is. Op 15 Oktober word ook die folteringsinstrumente aangevra.

Op 19 November 1545 het Calvyn op die Raadsvergadering in die hekseproses ingegryp en daarop aangedring om nog verdere misdadigers op te spoor „ten einde sodanige ras in die genoemde gebied uit te roei" [34]. Dit het plaasgevind nadat die egpaar Calude de Bourgeaulx reeds gevonnis is tot verbranding en om tydens die die verbranding gewurg te word terwyl die inwoners van enkele naburige dorpe die veroordeeldes moes vergesel na die plek van teregstelling om te dien as 'n afskrikwekkende voorbeeld.

Calvyn het hom vir hierdie versoek tot nog strenger optrede en algehele uitroeiing van die towenaars gegrond op die woorde van Ex. 22 : 18: „Die towerheks mag jy nie laat lewe nie."

Hommes maak [35] hieruit tereg twee belangrike gevolgtrekkings:

1. Calvyn het dit as sy goddelike plig beskou om te eis dat ketters deur die vuurdood gestraf word.

2. Calvyn wou vanuit sy teokratiese eksegese van die Ou Testament 'n ware teokratiese regering in Genève invoer. *Sy optrede is gemotiveer deur 'n heilige ywer vir die majesteit en eer van die heilige God!*

Baie belangrik is ook die feit dat Calvyn in die hele saak 'n slagoffer van sy tyd was. Dit was 'n wrede tyd waarin die mag van geweld oorskat en die mag van die liefde onderskat is.

Ook uit die hantering van die Servetkwessie word Calvyn se standpunte oor die verhouding tussen kerk en staat belig.

Alhoewel daar oor hierdie gebeurtenis ontsaglik baie geskryf en geredeneer en gedebatteer is, is dit onbetwisbaar duidelik dat

Calvyn dit as reg en Skriftuurlik beskou het dat die Raad Servet ter dood veroordeel het, al wou hy dit verander het van verbranding na onthoofding.

Die feit dat Calvyn ook hierin opgetree het volgens die algemene standpunte van sy tyd, word beklemtoon deur die reaksie op die doodstyding van Servet. Melanchton se woorde was tiperend: „Ek sê u, dat u owerheid goed gehandel het toe hulle hierdie lasteraar na behoorlike regterlike uitspraak ter dood laat bring het" [36].

Daar moet egter steeds in gedagte gehou word dat al hierdie ietwat grillerige voorbeelde van die aanwending van die swaardmag van die owerheid ter handhawing van die suiwerheid van die kerk in Genève plaasgevind het voor 1555. In hierdie jare was Calvyn se invloed op die Raad soms beperk en het die eise van die tyd ook besondere sterk optrede geverg [37].

Na 1555 het Calvyn nie meer so 'n worsteling in Genève gehad nie. Sy outoriteit is nie meer openlik aangeval nie. In dië tyd het die stad uitgegroei tot 'n model Christelike stad en John Knox skryf daarvan: „It is the most perfect school of Christ that ever was in the earth since the day of the apostles" [38].

## 4. ENKELE OMVATTENDE KONKLUSIES

1. Een van die hoekstene van Calvyn se standpunt oor kerk en staat is die Goddelike roeping van die owerheid om die volk te beskerm, orde te handhaaf en die suiwerheid van die kerk te bewaar. God self regeer so deur die owerhede. Daarom kan met reg gepraat word van Calvyn se ideaal van 'n teokratiese regering.

2. Die historiese en kerkhistoriese agtergronde van Calvyn se tyd het sy gesigspunte oor kerk en staat in 'n groot mate beïnvloed.

3. Calvyn het die vryheid van die kerk in die bevoegdheid oor kerklike sake, soos die bediening van Woord, sakramente en tug verdedig, maar kan juis nie geheel en al daarin slaag nie, as gevolg van sy sterk nadruk op die reg van die kerk om die swaardmag van die owerheid in te roep om die suiwerheid van die kerk te bewaar. In hierdie opsig het die Corpus Christianum-gedagte nog sterk in Calvyn se gedagtes gefunksioneer.

4. Calvyn se standpunt oor die plek van die owerheid in God se koninkryk sal in 'n helder lig te staan kom as dit geplaas word teen die agtergrond van sy teologiese beskouinge oor algemene genade. Dit is egter 'n dogma-historiese studie op sigself en ons volstaan met die sumiere opmerking [39].

*Gelewer voor die S.A. Kerkhistoriese Werkgemeenskap, Pretoria, Januarie 1980.*

---

VOETNOTE

1 Die bibliografie van Du Plessis, L. M. Calvyn oor die staat en die reg, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1974 gee 'n goeie oorsig oor die ter saaklike literatuur. Waardevol is ook die werkie van Van der Walt, B. J. Contemporary research on the sixteenth century Reformation, Potchefstroom, P.U vir C.H.O., 1979 om die aandag te vestig op belangrike nuwe literatuur.

2 Vgl. hiervoor meer breedvoerig Vorster, J. M. Die begrippe Corpus Christi en Corpus Sociale met betrekking tot kultuur. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling ingedien by P.U. vir C.H.O., 1971.

3 Du Plessis, L. J. Die staatspraktyk van Jean Calvin in verband met die wetenskap en staatspraktyk van sy tyd, Kampen, Kok, 1952, gee hieroor 'n mooi oorsig, asook Berkhof, H. en De Jong, O. Geschiedenis der kerk. Nijkerk, Callenbach, 1967.

4 Verduin, L. The Reformers and their stepchildren, Grand Rapids, Eerdmans, 1964, het dit duidelik aangetoon

5 'n Voorbeeld hiervan is die Smalkaldiese verbond.

6 Calvin, J. Het boek der Psalmen verklaard. Vert. en uitgegeven onder toezicht van J. Boer Knottnerus. 1e dl. 2e dr. Goudriaan, De Groot, 1970.

7 Dat Calvyn hom oor die verhouding kerk en owerheid opstel teenoor die wederdopers blyk reeds uit sy skerp reaksie op die Schlatten am Rande verklaring van die anabaptiste. Vgl. C.R v. XXXV.

8 Vir die voorbereiding van hierdie werkstuk is die vertaling van Sizoo gebruik: Calvin, J. Institutie, of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. Uit het Latijn vert. door A. Sizoo. 4e dr. Delft, Meinema, s.j. 3 bde.

9 Vgl Berkhof, a.w., p. 110 en verder oor die Middeleeue, en Locher, G. W. Von Bern nach Genf; die Ursachen der Spannung zwischen Zwinglischer und Calvinistischer Reformation *in* Balke, W., Graafland, C. en Harkeman, H. (red.) Wegen en gestalten in het Gereformeerd Protestantisme, Amsterdam, Holland, 1976 wat 'n kort oorsigtelike agtergrond gee van die voorgeskiedenis van Genève.

10 Ibid., p. 84.

11 Praamsma, L. Calvijn, Wageningen, Zomer en Keunings Uitgeversmij., s.j., p 79.

12 Ibid., p. 276.

13 De Zwart, W. Calvijn in het licht zijner brieven, Kampen, Kok, 1938, p. 24.

14 Ibid., p. 26.

15 Praamsma, a.w, p. 125.

16 Kennedy, R. K. The relevance of Calvin's doctrine in the present problem of church and state. Verhandeling, Pittsburgh-Xenia Theological Seminary, Pittsburgh, 1952.

17 Praamsma, a.w., p. 157.

18 Ibid., p. 158.

19 Ibid ,

20 Ibid., p. 160.

21 Ibid., p. 162.

22 Kennedy, a.m., p.

23 Praamsma, a.w., p. 171

24 Ibid., p. 173.

25 Vgl. IV.20.1.

26 Calvin, J. De Evangeliën van Mattheus, Markus en Lukas in onderlinge overeenstemming gebracht en verklaard. Opnieuw uit het Latijn vert onder toezicht van A. Brummelkamp. 2e dr. Goudriaan, De Groot, bd. 3.

27 Insig van De Kroon, M. De Christelijke overheid in de Schriftuitleg van Martin Bucer en Johannes Calvijn *in* Balke, e.a. a.w. p. 73

28 Ro, B. R. The church and state in Calvin. Verhandeling Concordia Seminary, St. Louis, 1967, p. 40.

29 IV.20 4.
30 Ro, a.w., p. 43.
31 Ibid.
32 In C.R. XXXV, 592 en 613 sê Calvyn dat die harte van prinse en luitenante beheer moet word sodat hulle in hulle ryksgebied die ware godsdiens herstel. Hy vergelyk kerk en owerheid met die hand en voet van dieselfde liggaam.
33 Ibid., p. 45
34 Hommes, N. J. Misère en grootheid van Calvijn. Delft, Meinema, s.j. p. 98.
35 Ibid., p. 104.
36 Praamsma, a.w. p. 184, Ro, a.w. p 119 gee ook die reaksie van verskeie ander Reformatore weer.
37 Ro, a.w. p, toon dit ook oortuigend aan.
38 Ibid., p. 120.
39 Vgl. hiervoor MacWilliam, S. W. A comparison of Bath's idea of the relation between church and state with that of Luther and Calvin. Verhandeling, Union Theological Seminary, New York, 1940 Douma J. Algemene genade; uiteenzetting, vergelijking en beoordeling van de opvattingen van A. Kuyper, K. Schilder en Joh. Calvijn over ,algemene genade.' 2e dr., Goes, Oosterbaan & Le Coijtre, 1974. Boaden, J. M. The church in the theology of John Calvin. Verhandeling, Newham College, Cambridge, 1965.

* Verwerking van 'n referaat gelewer voor die jaarvergadering van die Kerkstoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika te Unisa op 28 Januarie 1980.